Meer water... | 15 Januarie 2023 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Duisende bome wat vrug dra. Daar het 'n nuwe stroom in die gemeente in 2022 begin vloei, ek vertrou dat hierdie stroom in 2023 gaan versnel. Die stroom is die werking van die Heilige Gees in die gemeente en in jou lewe. Die Heilige Gees gee homself voorduernd uit aan ons, maar God verwag van ons om in die stroom van die Heilige Gees te kom. Ons **moet** in die stroom van die Gees leef. Ek en jy moet inderdaad fonteine wees wat oorloop na ander toe. Plant jouself langs die stroom van die Gees sodat jy deurentyd vrug kan dra, en nooi ander uit om saam met jou te gaan.

Wenke vir leier

- Maak seker dat jou groep die betekenis van die '**stroom**' sal verstaan.
- Motiveer jou Kring om voortdurend bewus te wees van die werking van die Heilige Gees en in die stroom te leef.
- Motiveer mekaar om vrug te dra die week.

Lees saam

Psalm 1
Psalm 63
Johannes 7:37-38
Openbaring 22:1-2
Jesaja 44:3

Gesels saam

1. Wat leer jy van God in Psalm 1?
2. Van watter twee tipes mense praat Psalm 1?
3. Bespreek die stelling: "die stroom van die Heilige Gees"?
4. Wat leer jy van jouself in Psalm 1?
5. Wat gaan jy doen om meer vrug te dra?

Doen saam

Ons jaartema is: **Duisende bome wat vrug dra...**

1. Nooi ander na jou Kring om saam die stroom te beleef.
2. Besluit saam as Kring wie julle die week gaan nader.
3. Hou mekaar verantwoordbaar vir bogenoemde.
4. Bid saam as Kring vir die jaar.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035